

Gideon van der Watt

Gratias 23
Generaal Herzogstraat 45
Bloemfontein 9300

Posbus 28834
Danhof, 9300

+27 82 7808038
gideonvanderwatt5@gmail.com

21 Januarie 2020

Dagbestuur: Vennote in Getuienis
Moderamen: NG Kerk Vrystaat

Lieve Susters en Broeders

BAIE DANKIE!

Ek is versoek om met die oog op my emeritaat 'n kort bedieningsoorsig voor te berei. Ek doen dit graag as meer persoonlike brief, met 'n opregte dankbetuiging tot God ons Vader, sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees, en 'n gebed vir ons geliefde kerk, die spesifieke ruimte waarbinne ons saam geroep is, ons tuiste, ons moeder.

My 40-jaar bedieningstyd in die NG Kerkfamilie was 'n groot geskenk, vol ryke ervarings en momente om jou aan te verwonder, maar dikwels ook pyn, skaamte en ontnugtering. Sedert my legitimasie in 1980 het die wêreld verander, al hoe vinniger. Die kerk waarin ek my bediening begin het, was invloedryk, patriargaal en uitsluitend, bewaker van die "uitverkore volk" se vaste sekerhede teen die donker vrese in. By die Stellenbosch Kweekskool was ons teologiese klasse nog groot, tussen 60 en 120 studente per jaargroep: Afrikaans, spierwit, manlik, met vaste sekerhede as sjibbolet wat met 'n handtekening (*quia*) bevestig is. Ons handboeke was Nederlands (H en JH Bavinck, Bouwman, Berkouwer, Hoekendijk, Kraemer, Noordmans, Van Ruler en Verkuyl). Jonk, naïf, optimisties en afgerig vir die bediening in 'n Afrikaanse, landelike of voorstedelike gemeente het ons die bediening betree. In die gemeenskap en gemeentes was leraars nog magtige manne (*mighty men*) – in die hete Vrystaatse somers, selfs ook by rings- en sinodevergaderings, met togas en wit dasse as simbool van dié statusbewustheid.

Maar in dié tyd het die roetwolke in die lokasies al hoe meer na rubber begin ruik ... die gewaande sekerhede en mag het begin verkummel. Reeds op Stellenbosch het profete ons gehelp om vrae te begin vra en ons oë vir sistemiese onreg oop te maak; hulle het ons geleer om met onsekerhede te leef – mense soos proff. Willie Jonker, Jaap Durand, Nico Smith, Willie Esterhuizen, Johannes Degenaar, die jonger Dirkie Smit, Russel Botman en ander. "Onwettige" gesprekke met teologiese studente van die UWK het verder gehelp aan 'n ongemaklike afskeid van die onskuld (oom Koot Vorster het as voorsitter van die Kuratorium "ontploff" toe die Sunday Times daaroor berig – my naam was op die lys wat hy van die Kweekskool wou skors oor ons grense probeer oorgesteek het).

Na 'n tyd as weermag-kapelaan ('n tyd waарoor ons geslag wit mans nou nog, veertig jaar later, sukkel om te praat en heel te word) was ek sendeling in Lesotho – die oord van waar MK en APLA terreur Vrystaat toe uitgevoer het (ek moes in die klein Vanstadensrus-gemeente in die vroeë tagtigerjare vier vermoorde boere begrawe). Dit was spanningsvolle tye: sonder selfoon het ek daelank op 'n keer in Lesotho gewerk, op koue konsitorievloere geslaap terwyl my liewe vrou met ons twee dogtertjies alleen moes bly, aan die rand van Vanstandensrus (Mook) se township, in 'n huis sonder diewering. Maar op 'n manier was ons nie bang nie; die plaaslike swart mense en *comrades* in Lesotho het van die moruti geweet, en oog gehou in 'n tyd toe alles begin brand het. Jong vigilante het dikwels by ons aan huis kom tee drink en praat, my selfs ere-president van hulle

sokkerspan gemaak (eintlik ter wille van die “transport” wat ek Saterdagmiddae moes verskaf, het ek gou uitgevind!), tot ontsteltenis van die kerkraad en die veiligheidspolisie. Ek moes meer kere beëdigde verklarings aflê. Weerloosheid en diensbaarheid was ook ‘n beskerming, het ons geleer.

In dié tyd het ek my D.Th.-tesis oor prof. GBA Gerdener en die wording van die NG Kerk se sendingbeleid voltooi. Ek het dit nog met potlode, wat ek as troosryke ritueel met ‘n knipmes skerp gehou het, oor en oor geskryf. Dit was die tyd voor rekenaars. Maar die teologiese wete het gegroei: die kerk is die liggaam van Christus, die gemeenskap van begenadigdes; dit moet die merktekens (*stigmata*) van Christus in die wêreld dra. “Heil” is om deel van dié gemeenskap te kan wees en ander binne te kan nooi. Alleen as vreemdelinge in en priesters vir die wêreld sou die kerk se getuienis geloofwaardig kon wees. Magtig, selfversekerd en uitsluitend was die kerk nooit bedoel om te wees nie. Daar was baie gewaande sekerhede waarvan ons eers bevry moes word voordat die kerk soos ‘n deernisvolle moeder kon word, priesterlik bewoë en profeties dapper.

Ek was dankbaar toe *Kerk en Samelewing* in 1986 jammer sê: apartheid was sonde, ‘n dwaling. Saam met geesgenote het ons Belhar toe al entoesiasties onderteken. Dit was bevrydend! Ons kon hard begin werk aan die hereniging van die NG Kerkfamilie, teen weerstand (van die APK en beswaardes binne die gemeente) in. Ons moes telkens verduidelik dat die kerk nou “oop” is, dat almal wat glo welkom is. In die proses het ons baie lidmate verloor (in Paul Roux amper 50%); dit was hartseer, maar dit kon nie anders nie. En dit was ook wonderlik dat vroue – al het dit stadig gegaan – ook hul regmatige plek in die kerk begin inneem het. Ek was bevoorreg om onlangs vir die liewe tannie Elsie Pienaar te kon gaan begrawe. In die vroeë negentigerjare het ek mooi vir die Paul Roux kerkraad gevra en sy is toe na die Vrystaatse Sinode afgevaardig, as eerste vroulike ouderling! Nie oor sy vrou was nie, maar inderdaad die beste wat die gemeente kon stuur. Ook dit was ‘n mylpaal! En dit was net so ‘n voorreg toe ek destyds vir Dr Carin van Schalkwyk in Philippolis as leraar kon gaan bevestig – al het ‘n stuk van haar hart in die bruin gemeenskap agtergeblef, en al was sy ‘n dominee wat teen die grens-mure sou bly druk. Dit was ‘n aandoenlike moment om rondom die eeu-wenteling, toe sovele landuit wou vlug, saam met ander in die Algemene Sinode te kon opstaan en letterlik in tranen te kon bely: “ons is hier, ons het ‘n Here, ons is sy kerk!” Dié roepingsverklaring het kort daarna neerslag gevind in die verruiming van die Vrystaatse kerk se leuse met: “hier, vir God, mekaar en die wêreld”. Ek was verheug oor die besluite van 2013 oor missionaliteit en verras oor 2015 se gaybesluite. ‘n Besonderse hoogtepunt was verlede jaar toe verteenwoordigers van die 15 kerke in die breër NG Kerkfamilie elk ‘n Kaapse Geelhoutboom by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington kon plant, as tasbare simbool van die groot dade wat God deur ons kerk gedoen het, tot diep in Afrika in. Daar was vele sulke momente – die NG Kerk het die laaste klompie jare inderdaad baie verander, teologies en in die praktyk van die bediening, beslis ook ten goede. Selfs die kerk kan verander, het Jonker mos geskryf!

Maar, daar is baie waарoor my geslag leraars skaam en teleurgesteld is (of dan behoort te wees), dinge waарoor ons, ook ekself, *mea culpa* moet uitroep. In die dralende proses om *die Ander* in liefde te leer omhels het ons soveel mense diep seergemaak! Ons sukkel vandag steeds om regtig inklusief, eg gasvry te wees, om veilige ruimtes vir diverse mense te skep. Ons bly ten diepste maar nog Afrikaner volkskerk, wit, vol vooroordele en vrese. Ons kon nie keer dat die Belhar Belydenis in 2015 verbete verwerp word nie, en dat daarvan saam ook die ou gereformeerde beginsel van *sola gratia* (as begenadigde sondaars is ons rondom die nagmaalstafel gelyk en één) wéér, soos in 1857, laat val word nie. Die herenigingsproses het van toe af onder ons oë tot ‘n aller laagtepunt gesak, soos water in die sand verdwyn. Ons mooi praatjies oor missionale transformasie vervlak meer dikwels in niks anders as verbloemde selfgerigtheid nie (blote Amerikaanse “*purpose driven church-growth*” van die plaaslike gemeente as doel). Ons kon nie van die ou bagasie ontslae raak nie,

trouens, ons laai telkens weer nuwes op wat ons moeë, mank moeder al hoe meer blootstel aan die spot en afkeur van baie. Ons geslag het nie genoeg gedoen om onself en die kerk voor te berei om relevant (gehoorsaam) kerk te wees in, aan die een kant die modernistiese, globale, sekulêre en digitale wêreld wat tans soos 'n tsoenami oor ons spoel nie, maar aan die ander kant ook te laat tuiskom in die Afrika-bodem en -landskap, tussen medebroeders en -susters van hierdie wye kontinent nie. Ons bly vasgevang (kerk-kaping?) in 'n landelike of voorstedelike, materialistiese kultuur van ontvlugting, binne verbeelding, veilige ruimtes agter *devils fork*. Hoor ons werklik die gesug van die aarde wat al hoe harder en onrusbarender onder ons voete opklink en weerklank in die lugruim vind, of is ons te onlosmaaklik deel van die droom van verbruik, vooruitgang en voortdurende groei? Ek waag dit om te vra: het ons nie dalk Jesus Christus uit die oog verloor in diens van eie oorlewing, van eie kerklike institute, van godsdienstige gewoontes, van sinodale en gemeentelike strukture, van ons eie koninkrykies en die handhawing van ons (veral ook leraars) se hoë-klas lewenspeil nie? Hoor ons agter die groeiende woede in ons land die dreigende getik van die tydbom van armoede, werkloosheid, die versugting na leefruimtes, die vasgevang-wees in kriminaliteit en geweld, en die voortslepende onreg? Verstaan ons regtig wat die her-ontdekte teologiese begrippe *inkarnasie* en *kenosis* beteken? Doen ons ooit genoeg om ons land te help heel? Of probeer ons liewer om net nog bietjie langer in ontkenning te oorleef? Ons profetiese stem het inderdaad stil geraak. Oral sien ons al hoe meer ouerwordende, kwynende gemeentes, wat toemaak. Ons het ons jongmense verloor! Intussen veg ons voort om elkeen ons eie teologiese "sekerhede" ten alle koste te bevestig, sonder ruimte vir die paradokse in die Skrif of verwondering oor die misterie van God. Vir al dié kommerwekkende tendense neem ekself medeverantwoordelikheid. Hartseer bely ek dit, teenoor die Here van die kerk, en teenoor 'n nuwe geslag.

Om oor die kerkgeschiedenis (ook my eie bedieningsgeschiedenis) te reflekter, bring my egter ook by die troosvolle wete: die troue Here van die kerk was en is met ons op weg, ondanks ons feilbaarheid, ten spyte van ons ontrou. Dit het ek kennelik beleef in die meer as twintig jaar in die kantoor van Vennote in Getuienis. Dit was 'n reuse voorreg om huis hier in die bediening te staan. Ek was heeltyd bewus van die buitengewoon groot bydrae wat die NG Kerk Vrystaat oor die jare op die terrein van sending en diens van barmhartigheid gedoen het. Die vrug op hierdie arbeid kan nie eers by benadering bereken word nie! Die ou sendingkommissie het mettertyd 'n bediening genaamd Vennote in Getuienis geword, wat veel meer as net 'n naamsverandering behels. Nou werk Vennote in Getuienis/Partners in Mission al hoe meer saam met vele ander vennote in 'n gesamentlike roeping binne 'n gedeelde konteks. Verhoudinge en wedersydse vertroue het hierin sleutelkonsepte geword, so ook wederkerigheid en onderlinge hulp. Ons kerk se oorblywende "sendelinge" doen oraloor steeds ongelooflike mooi werk!

In die toekoms sal daar nog weer ingrypende skuiwe in die benadering van Vennote in Getuienis gemaak moet word; die uitdagings word net al hoe groter en die middele al hoe skaarser. Maar nooit sou ons van hierdie historiese roeping kon wegstaan sonder die tragiese inboet van geloofwaardigheid nie. Ek is daarom opreg dankbaar dat die Here huis vir Dr Nico Mostert geroep het om nou met hierdie heerlike werk voort te gaan. Ek bid hom alle wysheid en krag toe. 'n Opregte dankie aan die vele lojale kollegas wat my bediening verryk en my dikwels emosioneel ondersteun het. 'n Spesiale dankie aan Karisma en die ander dames voor haar. Dankie aan kollega Barnard.

Om saam met ander van hierdie bediening deel te kon wees, en 'n bydrae te probeer lewer om dit in veranderende tye vol nuwe uitdagings op 'n vars manier voort te sit, was 'n genade-geskenk wat my verwonderd, ontroerd en nederig laat. My bede is dat iets van tannie Kwikkie van Mook se "profesie" tydens my afskeid van die gemeente tog waar geword het: "Priestertjie" het sy vir my gesê, "ek gaan nie oor jou 'n halleluja sing nie; wat ek wel kan sê is: jy't getraai". Dankie vir die ruimte wat my daarvoor gegun is.

My bede is dat die Here Jesus, Hy wat tussen die kandelare beweeg en hulle op hul plek vashou, ons geliefde kerk “haar’s ondanks” (JH Bavinck) sal vorm tot groter gehoorsaamheid, ryklik sal seën en sal bly gebruik, hier, in hierdie gebroke provinsie, in ons stukkende land en tot diep ons droewe kontinent in. Hy wat ons roep, bly getrou!

Ek bid vir ‘n kerk wat:

- te midde van veranderende tye, met die oë gerig op die Drie-enige God, telkens weer haar identiteit as *imago Dei* en liggaam van Christus sal ontdek en leef, en met haar roeping tot geloofwaardige getuienis (*marturia*) oor die evangelie van die geïnkarneerde Woord getrou sal volhard;
- altyd weer missionaal sal transformeer (*ecclesia semper reformanda est*) en meegeneem word in God se sending na die wêreld;
- gekenmerk word deur opregte aanbidding (*leitourgia*), die gemeenskap van gelowiges wat rondom die een tafel die brood en wyn uit Christus se hand ontvang en vir mekaar aangee (*koinonia*), met dienende liefde in die samelewing leef (*diakonia*) en met ‘n profetiese en tegelyk troostende Woord – waarheid in liefde gespreek – hoop bring (*kerugma*);
- en wat gedring word deur die roeping tot ‘n lewende eenheid, helende versoening en herstellende geregtigheid.

Here, wees ons genadig! Kom, o Skepper-Gees!

Ek is diep dankbaar teenoor die NG Kerkfamilie wat, geknak en gekneus tot inniger kleur, immer my geliefde moeder bly.

Vrede en vreugde.

Gideon van der Watt

Gideon van der Watt